

Grey se 1968-matrieks vol gees

Altesaam 78 van Grey-kollege se 1968-matrieks het die naweek hul 50-jaar-reünie by hul alma mater in die Rosestad bygewoon. Dit was 'n reünie der reünies, vertel Tom Ferreira.

Die Volksblad het in 1968 'n volle vier sent gekos, 'n kas bier R6, petrol 9 sent per liter en 'n splinternuwe motor R2 000.

Dit was ook die jaar toe 'n spesiale groep seuns hul skoolloopbaan aan Grey-kollege voltooi het.

'n Rekordgetal van 78 van ons – vandag allermens meer seuns – het kom reünie hou. Baie van ons het mekaar vir die eerste keer in 50 jaar weer gesien: En wat 'n reünie was dit nie!

Dit was 'n om-die-hals-vallery, bladslaan, onthou-jy-nogs en trane van 'n ander wêreld.

Die meeste van ons het in 1964 by Grey ingeval: die jaar toe die kaalvoet Matie-student De Villiers Lamprecht Suid-Afrika se eerste droommyl gehardloop het en die rolprent *Mary Poppins* in Suid-Afrika begin draai het. Dit is dus heel gepas dat ons destydse skoolhoof, AK Volsteedt, die klas van '68 as 'n droomklas beskryf het.

Min onderskeidings

Ons groep het nie 'n Morné du Plessis, Theuns Stofberg, Kepler Wessels, Hansie Cronjé, Wayne van Niekerk of 'n Ryk Neethling opgelewer nie. Ons kan ook nie spog met Laurens van der Post, Etienne Leroux, Bram Fischer, Denis Earp, Steve Hofmeyr, WA de Klerk of 'n wêreldbekende pianis soos Charl du Plessis nie.

Ons matriekuitslae was alles behalwe waffers. Tussen die 160 van ons kon ons slegs 45 onderskeidings bymekaar skraap. Slegs twee, Derrick du Toit en

Arthur Taute, het vier onderskeidings behaal.

Prof. Roelf du Toit, van 1996 tot 2015 hoof van die departement chirurgie aan die Universiteit van die Vrystaat se mediese fakulteit, dr. Henry Muller van Kaapstad, die Bloemfonteinse tandarts dr. Ernest Rood, dr. Fred van der Riet van Kaapstad, die Bloemfonteinse prosdodontis dr. Piet Mouton, prof. Willem van der Westhuizen van Bloemfontein en adv. Mike Maritz van Pretoria, wat bekendes soos wyle dr. Louis Luyt (in sy saak teen wyle president Nelson Mandela), dr. Allan Boesak en Billie Raubenbach verteenwoordig het, het saam slegs 'n handjievol onderskeidings verwerf.

Die Bloemfonteinse ortopeed dr. Johan Kruger het darem twee onderskeidings verwerf, maar Willie Slabbert, vandag 'n dokter in Kanada, het matriek gedruip!

Talle presteerders

Hoe verklaar 'n mens dit dat die klas van '68 nege dokters, ses professore, agt ingenieurs, drie prokureurs, twee tandartse, twee rugbybase, twee predikante, 'n argitek, fisioterapeut, diplomaat, vooraanstaande advokaat en 'n hele string suksesvolle sakemanne opgelewer het?

Duidelik is daar nie 'n groot korrelasie tussen akademiese prestasies op skool en dit wat 'n mens in jou loopbaan bereik nie. Die tweede deel van die antwoord lê daarin dat die akademiese standaardde destyds veel hoër was as vandag waar leerlin-

ge lag-lag tot agt onderskeidings verwerf.

Wat het ons klas so besonders gemaak? Gees, boeta, gees! Die rekordbywoning (die vorige rekord vir 'n 50-jaar-reünie is deur Morné du Plessis se klas van '66 opgestel), getuig hiervan.

Selfs 'wyle' Cedric daag op

Johan Claasen van Arwa- en Ellispark-faam het uit Amerika, gekom, dr. Willie Slabbert uit Kanada, en prof. Patrick Heaven uit Wollongong, Australië.

Dennis Polivnick, wat ernstig siek is, het twee weke voor die reünie uit Sydney in goeie Afrikaans laat weet: "Nee maggies, manne, nou maak julle my te lus. Ek is op pad!" Hoe wonderlik was dit nie om hom op sy krukke die vertrek te sien binne-skuifel nie.

Altesaam 39 van ons gewese klasmaats het ons reeds ontval. Om die wat nog in die lewe is, op te spoor, was nie maklik nie. Dit het baie navorsing en lang soektoegte op Facebook, LinkedIn en Google geverg, maar met die afskop van die reünie was slegs een van die 160 lede van die klas van '68 nog soek: ironies genoeg Richard Alexander, die eerste naam op die databasis.

Ons het Cedric Doyle, wat op die databasis as oorlede aangedui is, in Sheffield Beach noord van Ballito opgespoor.

"Ek het beslis die verste van almal reünie toe gekom," het Cedric gespot. "Julle moet julle nie verknieis nie: dit is nogal lekker aan die ander kant van die poorte."



Halfeeu-reünie in die hemde wat hulle op hul laaste skooldag in 1968 gedra het. Van links is Blake Phillips van Durban, Fred van der Riet van Kaapstad, Tom Ferreira van Kaapstad (die skrywer van die artikel), Johan Kruger van Bloemfontein, Tom Cronjé, gewese onderhoof van Grey, Abrie Senekal van Viljoenskroon en Piet Mouton van Bloemfontein. Die hemde het in vyftig jaar nooit water gesien nie. Foto: VERSKAF

Goeie onderwysers

Oor ons onderwysers en die ongelooflike invloed wat hulle op ons loopbane gehad het, is daar baie gepraat.

Daar was ons onderhoof, Patat Cronjé, wat ons altyd aangemoedig het om " 'n bietjie zir in te sit", ou Crappy Wright in die houtwerkklass; Chain Marais, Rodney (Biscuits) Cilliers, Shep-pie Shepstone, Joe Barry, Des Schonegevel, George Sabbagha en die enigmatiese Dawie Marquard.

Hans Arendt het altyd in verkleinwoordjies gepraat: "Het julle jul huiswerkies gedoen? Haal uit julle potloodjies en skryfblokies. Ons gaan nou 'n paar eksperimentjies doen."

Dan was daar Baf Bornman wat altoos dinge "dadelik indien

nie gouer nie" gedoen wou hê.

Daar was ook ons rugbyafri-gter, Stonie Steenkamp, Karel Pienaar, Nic van der Walt, Jaap Rousseau, Poon van Rensburg, die handvol Strydoms (Willie, Steve, Kallie, ou Uil en Staal Burger), Michau Heyns, Travers Jordaan, Barend Wessels, Boer Fourie, Zaza Fichardt, David Gray, Nic Fourie, Lappies Labuschagne, Piet (Streeknuus) Ferreira, Nic du Plessis en die waardige mev. Ina Volsteedt en Susan Pretorius.

En natuurlik, die een en enigste Ewie Cronjé. Toe my ouer broer, Stef, ná my eerste dag op Grey by my wou weet wie my klasonderwyser is, kon ek nie op Ewie se naam kom nie.

"So 'n bakgat windgat," het ek hom beskryf.

"O," het hy dadelik gesê: "Dit klink vir my na Ewie Cronjé."

Laaste, maar nie die minste nie, was daar die asemrowende mev. Dina Haller, die Duitse onderwyseres met haar blonde hare, welgeskape bene en kort rokies.

Ek word skoon verleë wanneer ek terugdink aan hoe ons jong manne behoorlik 'n erewag gevorm het wanneer sy van een klas na 'n volgende beweeg.

'n Halfeeu later

Natuurlik het vyftig jaar se swoeg en sweet sy merk gelaat. Die boepense is groter, die koppe grys of kaal en die gesigte geplooi.

Die prys vir die man wat nog die meeste lyk soos wat hy op skool gelyk het, is gedeel deur

Roelf du Toit, Carl Kuschke, Pierre de Villiers en Patat se seun, Tommie Cronjé.

Seg een van die manne, Xander Fenwick van Ladybrand: "Besef jy dat net één van ons eendag die enigste oorlewende gaan wees?"

"Nooit so daaraan gedink nie," antwoord ek. "Weet jy dalk wie dit gaan wees?"

"Ek weet nie, maar wie dit ook al gaan wees, sal daardie jaar se reünie redelik maklik kan reël," spot hy. "Hy sal nie juis 'n groot lokaal nodig hê nie: en hy sal niemand hoef te bel nie!"

Wat 'n voorreg was dit om lid te wees van Grey se merkwaardige klas van 1968!

■ Tom Ferreira, 'n oudredaksielid van Volksblad, is 'n skakelkonsultant in Kaapstad.



Suzie Matlhola (links) en Ernest Loth (regs) is Saterdag by die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) se derde Neville Alexander-gedenklesing vir hul bydrae tot Afrikaans vereer. Hulle staan hier by die gasspreker, prof. Johan Lenake, in die Bloemfonteinse Oorlogsmuseum waar die geleentheid gehou is. Foto: MLUNGISI LOUW

Stereotipe oor Afrikaans 'verdwyn op grondvlak'

Marita Herselman

Afrikaans se plek op die reënboogjas van 11 amptelike tale en hoe die "taal van die onderdrukker"-vlek uitgewas kan word, is op die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) se geleentheid vir die derde Neville Alexander-gedenklesing bespreek.

Afrikaanssprekendes is selfs te bang om hul eie taal te praat, het prof. Johan Lenake, gasspreker en kenner van Afrikaans en ander Afrikatale, Saterdag op dié geleentheid in die Bloemfonteinse Oorlogsmuseum gesê.

Hy sê 'n algemene fout wat gemaak word, is om bloot aan te neem iemand praat nie Afrikaans nie.

"As hulle my ontmoet, praat hulle Engels met my. Ek vra hoekom? Dan sê hulle 'nee, julle swart mense praat mos Engels.'"

Nie hy nie. "Luister, as jy met my praat, praat asseblief ordentlik. Moenie met my praat asof jy met 'n baba praat nie. Praat nou goeie Afrikaans."

Hoe sal die sprekers van die onderskeie tale in Suid-Afrika kommunikeer sonder om outomaties die Engelse goue middeweg te gebruik?

Lenake en Jurie Saal, 'n ATM-raadslid, sê leerlinge moet van kleintyd af die hoof-inheemse tale van hul streek op skool geleer word. Saal wonder waarom skole steeds Europese tale as keusevakke vir 'n derde taal aanbied, eerder as die inheemse tale van die bepaalde streek.

"Ek sal graag wil sien dat ons tale inklusief maak en nie eksklusief nie. As ons nie dit doen nie, sal ons nooit by die punt kom, op 'n regeringsvlak, waar ons hierdie stigma van Afrikaans as die taal van die oorheersers afskud nie."

Dit blyk egter dat jong mense onbevange oor Afrikaans is en dat die stereotipe van die "onderdrukkerstaal" op grondvlak aan die verdwyn is, sê prof. Elvis Saal, ATM-voorsitter en medeprofessor in Afrikaanse taalkunde

aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Hy spesialiseer in sosiolinguïstiek en ondersoek spesifiek tienertal.

"Hulle dra nie hierdie soort bagasie waarmee die ouer generasie grootgeword het nie."

Hy sê die toekoms van Afrikaans is "springlewendig" onder die jong mense en daar moet ruimte vir hul en ander dialekte soos Noord-Kaapse en Kaapse Afrikaans in Standaardafrikaans gemaak word.

"Dit is soms hierdie terugdruk van ander invloede wat maak dat mense na Engels toe keer, eerder as wat hulle hul eie vorm van Afrikaans omhels."

By die lesing is Suzie Matlhola en Ernest Loth as die "onbesonge helde" met Neville Alexander-prestige-erbewyse vir die bevordering van Afrikaans vereer.

Matlhola is die kategoriewenner vir "iemand wat Afrikaans as 'n medium gebruik om samehorigheid en nasiebou te bevorder".

Matlhola, 'n projekorganiseerder by die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), bied onder meer gratis naskoolse Afrikaansonderrig vir leerlinge in Soweto aan en het ook in dié gemeenskap 'n ATKV-vrouetak gestig. Sy werk sedert 1988 by die ATKV.

Matlhola het ook in 2017 van die Afrikaanse Taalraad (ATR) 'n Koker-prys vir "bemaagtiging deur Afrikaans" vir haar goeie werk met die klasse in Soweto ontvang.

Loth, 'n onderwyser wat Afrikaans by die Klein Nederburg Secondary School in die Paarl gee, is met die ererbewys vir "iemand wat sy/haar tyd en lewe daaraan wy of gewy het om Afrikaans vir almal toeganklik te maak" bekroon. Loth bevorder dié taal onder meer as onderwyser, dramaturg, skrywer, regisseur en motiveringspreker, sê die ATM.

Volgens die ATM voer leerlinge gereeld sy dramatekste *Eendag is daar* en *Donkerland* op, wat ook in skoolhandboeke vir Afrikaans opgeneem is, en hy is 'n aanbieder en vervaardiger by Radio KC.

Dankie aan ons lede dat Medihelp nommer 1* is

Medihelp Mediese Skema het die hoogste telling vir kliënttevredenheid van ons lede ontvang in die 2018 Suid-Afrikaanse indeks van verbruikerstevredenheid*.

Wat beteken dit regtig? Dit beteken daar is 'n mediese fonds in Suid-Afrika wat diens en produkte voorsien wat verwagtinge oortref. Wie het dit geweet?

Ons lede het.

medihelp

mediese skema

SMS "EERSTE" na 32291 en vind meer uit oor die mediese skema wat altyd ons lede eerste stel.

SMS kos R1. Gratis minute is nie geldig nie. Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP No 15738). Bepalings en voorwaardes geld.